2025

HOËRSKOOL DF MALAN | PROSPEKTUS

Hoërskool DF Malan

SKOOLHOOF
Mnr. JH Conradie

ADJUNKHOOF
Mnr. S Dippenaar

ADJUNKHOOF
Me. N Solomon

Kontak ons
021 948 8781
info@dfmalan.com

Skooltye
Ma. - Vr. 07:45 – 14:15
Kantoortye
Ma. - Vr. 07:30 – 15:00

Besoek ons
Hoërskool DF Malan
Frans Conradierylaan
Bellville, 7530

www.dfmalan.com
www.facebook.com/hsdfmalan
www.instagram.com/hsdfmalan

Inhoudsopgawe

Visie en missie 1
Boodskap van die Skoolhoof 2
Waardes 4
Inskrywingsprosedure 5
Kampus en Ligging 6
Aksie Omgee 8
Klerebank en Sportwinkel 9
Vakkeuses (gr. 8-9) 10
Vakkeuses (gr. 10-12) 11
Kultuur 12
Sport 13
Dit maak DF lekker 14
Eduhelp 16
Finansiële inligting 17

Welkom

DF Malan is ‘n toonaangewende Afrikaans-medium hoërskool wat leerders in ‘n veilige en waardegedrewe omgewing in hulle totaliteit ontwikkel sodat hulle in ‘n snel-veranderende volwasse wêreld hulle plek kan vol staan.

VISIE

DF Malan strewe daarna om ‘n innoverende en leidinggewende hoërskool te wees wat leerders geleenthede bied om met die nodige lewensvaardighede toegerus te word sodat hulle ‘n positiewe verskil in die samelewing kan maak.

MISSIE

Ons wil ‘n omgewing skep waar elke leerder op akademiese -, geestelike -, kulturele - en sportvlak kan ontwikkel deur innoverende bestuur, mentorskap, personeelvoorsiening en -ontwikkeling, navorsing en eksterne samewerking.

Boodskap van die Hoof

Jaar na jaar word keuringsvereistes by Suid-Afrikaanse univertsiteite en opleidingsentrums stelselmatig verhoog. Dit is wel bekend dat daar eenvoudig nie kapasiteit is om alle skoolverlaters te akkommodeer nie. Om te verseker dat kinders die geleentheid sal hê om hulself na skool in hulle gekose rigting te kwalifiseer, is die keuse van die regte hoërskool nou reeds van kardinale belang.

By die Hoërskool DF Malan het ons 'n trotse tradisie van uitnemende onderwys, waar leerders gebalanseerd begelei word om hul potensiaal te ontwikkel en realiseer. DF is 'n skool waar dit *'in'* is om hard te werk en te presteer. Die sukses wat oudleerders behaal en die toonaangewende rolle wat hulle reeds speel, is 'n bewys hiervan.

Ons het `n droom vir elkeen van ons leerders - om hulle deur goed opgeleide en passievolle personeel met innoverende metodes te begelei om gereed te wees vir die snelveranderende wêreld daar buite. Die ontwikkeling van 'n gebalanseerde selfbeeld, gesonde leefwyse, selfdissipline, 'n positiewe lewensingesteldheid en begrip vir die diversiteit van die samelewing, is vir ons 'n prioriteit.

Uitnemende akademiese resultate word ondersteun deur 'n individuele en gegradeerde leesprogram vir alle graad 8's en 9's aan te bied. Dit stel ten doel om leesbegrip en leesvlotheid te verbeter wat later van onskatbare waarde is.

As deel van ons toekomsgerigtheid werk ons ook hard daaraan om ons E-leer opsies verder te ontwikkel tot voordeel van alle leerders.

Van DF se unieke kenmerke is die vakkeuses wat ons bied en die mate waartoe ons oop vakkeuses moontlik maak.

Leerders kan reeds in graad 8 en 9 blootstelling kry aan vakke soos Sportwetenskap, Robotika & Kodering, Rekenaartoepassings-tegnologie. Ons bied ook toegang tot die aanleer van 'n verskeidenheid tale soos Duits, Xhosa, Frans en Mandaryns. Vanaf graad 10 kan Toerisme, Inligtingstegnologie, Gevorderde Wiskunde en Verbruikerstudie ook as keusevakke geneem word.

Ons gewilde uitruilprogram plaas ons ook in kontak met skole in België en Duitsland. Verder het verskeie leerders al die opwinding van 'n Oranjerivierrit of uitreike na Zambië en die Oos-Kaap meegemaak.

Die Hoërskool DF Malan bied aan leerders die geleentheid om hulle talente op 'n verskeidenheid van sport- en kultuuraktiwiteite uit te leef. Ons is van mening dat 'n goeie balans tussen akademie, sport en kultuur van onskatbare waarde is.

Ons glo dat 'n baie hegte verhouding tussen die ouerhuis en die skool nagestreef moet word: albei is trouens in vennootskap besig met die totale opvoeding van die kind.

Ons wil graag hê ons leerders moet groot droom en ons gee hulle die vaardighede wat hulle nodig het om hierdie drome in bereikbare doelwitte te omskep. Deur hierdie benadering te volg, glo ons dat Dee-Effers op hul beurt ander se lewens sal verryk.

In 2024 vier ons by DF Malan ons 70ste verjaarsdag. Ons sien uit daarna om saam met ons leerders, ouers en alumni dekades van uitnemende akademie en ryk tradisies te vier.

Ons hoop om u kind hier te verwelkom en deel te maak van die bloubloed DF-familie.

Sias Conradie
Skoolhoof

70 JARE VAN Uitnemendheid 1954 — 2024

Waardes

Projek VRIEND

Ons skool se waardes is die fondament waarop ons alles bou. Ons waardes word d.m.v. Projek VRIEND uitgeleef en bestaan uit verskillende inisiatiewe om ouers, onderwysers en leerders saam te snoer.

Ons VRIEND-waardes:

VERANTWOORDBAARHEID **RESPEK** **INTEGRITEIT**

EMPATIE **NEDERIGHEID** **DIENSBAARHEID**

Gr. 8-Verwelkoming

Die nuwe graad 8-groep word aan die skool se tradisies en gebruike blootgestel deur die VRIEND-waardes op 'n praktiese manier uit te beeld en in te oefen. Van die hoogtepunte is die Groot Stap tussen Melkbos en Blouberg en ook die Baadjieplegtigheid.

Leierskapontwikkeling

Die skool plaas 'n hoë premie op leierskapontwikkeling en daarom word leerders deurlopend aan geleenthede blootgestel om hul leierskap-vaardighede te slyp.

Inisiatiewe vir Ouers

OpReis is 'n ouer-en-kind-program vir graad 8-leerders en hul ouers, met die doel dat die graad 8-leerder deur hul ouer (of betekenisvolle volwassene) tot volwassenheid opgeroep word op 'n belewens-waardige manier.

Oopkop Ouerskap bemagtig pa's en ma's (of die instaanouer) om op 'n betekenisvolle manier die hemel aarde toe te bring vir die gesin.

Nuwe Inskrywings

Inskrywingsprosedure

Inskrywings van nuwe leerders vind gewoonlik op 'n aangekondigde tydstip in Februarie plaas. Laerskole word in kennis gestel sodat ouers van voornemende leerders die nodige reëlings kan tref. Aansoeke moet dan op die aanlynstelsel van die WKOD gedoen word. (https://admissions.westerncape.gov.za)

Indien die ouer persoonlik met die skoolhoof of die adjunkhoofde oor 'n inskrywing wil gesels, kan 'n afspraak deur middel van die sekretaresse gemaak word. Tydens die besoek aan die skool moet die voornemende leerder asseblief die ouer vergesel.

Afskrifte van die volgende dokumente moet saam met die voltooide inskrywingsvorm beskikbaar wees:

- die leerder se ID of 'n volledige ("unabridged") geboorte-sertifikaat;
- die leerder se jongste rapport;
- ouers se ID's;
- 'n munisipale rekening;
- die oorplasingsertifikaat* van die vorige skool.

**Die oorplasingsertifikaat van die vorige skool moet voor of op die toelatingsdatum ingedien word.*

Die Handves van DF-regte is 'n gids wat reëls en regulasies bevat wat leerdergedrag bepaal. Elke Dee-Effer ontvang so 'n handves by hulle registeronderwyser. Voornemende ouers en leerders kan ook die handves op die webtuiste besigtig.

Kampus en ligging

Hoërskool DF Malan, ongeveer 20 km vanaf Kaapstad, is in 'n gevestigde area en naby 'n ontwikkelende sakekern geleë. Daar is ook verskeie bekende laerskole naby DF Malan.

Die skoolkampus bestaan hoofsaaklik uit vier geboue. Die grootste is die Hoofgebou waarin die administratiewe kantore en die meerderheid van die klaskamers geleë is. Verder word laboratoriums, rekenaaronderriglokale en die I-Sentrum ook hier aangetref.

Die Uitvoerende Kunstesentrum bevat die drama- en musiek-onderrigklasse, asook kunsateljees. Die Eduhelp-kantoor en ekstra klaskamers is ook deel van hierdie gebou.

'n Veeldoelige Aktiwiteitsentrum word vir groot byeenkomste en binnenshuise sport gebruik.

Die Krieket-akademie huisves sportkantore, LO-lokale en binnenshuise krieketnette. 'n Hoëprestasiesentrum wat 'n gimnasium huisves, is in 2015 opgerig.

'n Unieke fasiliteit van die DF-kampus is die Trein ('n regte treinwa). Die trein sorg vir 'n eiesoortige vergader- en ontspanningsfasiliteit.

Opelug sportfasiliteite voltooi die res van die DF-kampus.

Fisiese Geriewe

Die skool beskik tans oor die volgende geriewe:

02 **RUGBYVELDE**

02 **KRIEKETVELDE**

07 **NETBALBANE**

05 **TENNISBANE**

- Hoofgebou met 42 klasse
- Sewe mobiele klaskamers
- Vier rekenaarsentrums
- I-Sentrum (Biblioteek en Internettoegang)
- Drama-, kuns- en musiekklasse
- Verbruikerstudiesentrum
- Toegeruste Laboratoriums
- Veeldoelige Aktiwiteitsentrum
- Hoëprestasiesentrum met 'n gimnasium
- 'n Krieket-akademie met drie binnenshuise krieketnette.
- Twee rugbyvelde en twee krieketvelde, asook vyf buitelug krieketnette
- Sewe netbal- en ses tennisbane; hoofnetbalbaan met spreiligte
- Hokkie-astro met spreiligte en opwarmingsarea (mini-astro)
- Kafeteria en ontspanningsarea
- Die Trein (ontspanningsfasiliteit)
- 'n Sonpaneelstelstelsel wat ons in staat stel om voort te gaan met onderrig ten spyte van beurtkrag
- Gratis Wifi-konneksie vir leerders

BUSROETES

Daar is tans 'n busroete na en van Panorama, Welgelegen en Monte Vista wat deur 'n privaat-kontrakteur bedien word. Kontak Manuel's Busdiens: 021 933 5639 of e-pos enquiries@manuels.co.za

Aksie Omgee

Hierdie liefdadigheidsbeweging word gedryf deur die leerders van DF Malan. Aksie Omgee bied aan leerders en ouers die geleentheid om by nood in die skool en die gemeenskap betrokke te raak.

Daar is 'n wye verskeidenheid verdienstelike projekte (bv. ons kospakkie-projek wat verseker dat almal by die skool iets het om te eet). Dit sluit aan by ons waardes en bied ons leerders praktiese geleenthede om diensbaar te wees en empatie te toon.

DIENSBAAR

Klerebank en Sportwinkel

Die DF-klerewinkel verkoop die sportdrag wat benodig word vir die onderskeie sportsoorte (bv. sweetpakbroeke, kortbroeke, rugby-, netbal-, atletiek- en hokkiedrag), asook reënbaadjies en sportsakke. Daar is ook skooltasse, pette en DF-ondersteunersdrag beskikbaar.

'n Klerebank word ook vanuit die DF-klerewinkel bedryf. Die klerebank doen geen aankope nie en is afhanklik van skenkings. Gebruikte skool- en sportklere kan hier teen billike pryse aangekoop word. Aankope kan met kontant, 'n kaart of per EFT geskied.

Kontak: klerewinkel@dfmalan.com

Ure: Dinsdae en Donderdae tussen 13:00 en 15:00

Nuwe klere kan by die skool se twee verskaffers aangekoop word:

De Jagers

Hoek van Sportica en
Bill Bezuidenhout, Tygervallei

Tel: 021 914 7816

School & Leisure

Winkel 13, Willowbridge Village,
Carl Cronjerylaan 39, Tygervallei

Tel: 021 914 0495

Junior Sekondêre Fase

Graad 8 en 9

Verpligte vakke:

- Afrikaans Huistaal
- Engels Huistaal of
  Engels Eerste Addisionele Taal
- Natuurwetenskappe
- Sosiale Wetenskappe
- Wiskunde
- Lewensoriëntering
- Ekonomiese - en
  Bestuurswetenskappe
- Tegnologie
- Skeppende Kunste
  Kies twee tussen Drama, Dans, Kuns en Musiek.

Keusevakke:

DF bied ook aan leerders die geleentheid om een van die volgende vakke as verryking te neem:

- Rekenaargeletterdheid
- Xhosa
- Duits
- Musiek
- W5-Wiskunde
- Sportwetenskap*
- Kodering en Robotika*

** Aanbieding is onderhewig aan genoeg belangstelling in 'n graad. Daar is ook 'n ekstra koste verbonde aan hierdie vakke.*

Sportwetenskap is 'n twee jaar module wat oor graad 8 en 9 strek. Die teorie word met praktiese modules binne die vak aangevul.

Kodering en Robotika word sedert 2022 aangebied en is baie gewild onder leerders wat graag HTML en Python wil aanleer. Leerders kry ook blootstelling aan CAD en mikro-kontroleerders.

Senior Sekondêre Fase

Grade 10 – 12

Verpligte VIER vakke:

- Afrikaans Huistaal
- Engels Huistaal of
  Engels Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde of
  Wiskundige Geletterdheid
- Lewensoriëntering

Kies DRIE keusevakke:

- Besigheidstudies
- Dramatiese Kunste
- Duits
- Ekonomie
- Fisiese Wetenskappe
- Geografie
- Geskiedenis
- Ingenieursgrafika en Ontwerp
- Inligtingstegnologie
- Lewenswetenskappe
- Musiek
- Ontwerpkuns
- Rekeningkunde
- Rekenaartoepassingstegnologie
- Toerisme
- Verbruikerstudies
- Visuele Kunste
- Xhosa

Vrye keuse van vakkeuses is moontlik (onderhewig aan WKOD-regulasies).

Leerders kan, met verlof van die WKOD, toegelaat word om vanaf graad 10 meer as drie keusevakke vir die Nasionale Senior sertifikaat aan te bied. Slegs sekere vakke kan as ekstra vak geneem word.
Enige navrae in hierdie verband kan met Eduhelp se personeel bespreek word.

Leerders in grade 9 tot 12 kan ook die Gevorderde Wiskunde program na skoolure volg. Dit bied aan die leerders die geleentheid om die IEB-vraestel aan die einde van Gr. 12 te skryf. Hierdie program is van groot waarde vir leerders wat 'n Wiskundige studierigting aan universiteite wil volg.

Verdere verryking sluit in die geleentheid om Gespreksfrans, Frans as vak of Mandaryns buite skoolure te neem. Die koste hieraan verbonde word jaarliks vasgestel en is afhanklik van die mate van belangstelling.

Kultuur

Kultuur is en sal altyd 'n belangrike prioriteit van ons skool wees. Leerders neem jaarliks aktief deel aan 'n wye verskeidenheid kompetisies op kulturele vlak

Ons kore presteer skitterend tydens eisteddfods en koorfeeste.

Die blaasorkes gee leerders die geleentheid om 'n blaasinstrument te bemeester. Hulle hou gereeld konserte en neem deel aan kompetisies.

Debatteerders (beide Afrikaans en Engels) word nasionaal erken en Dee-Effers se skryfvermoë beïndruk voortdurend.

Leerders kry gereeld die geleentheid om uitstappies te onderneem, sowel as om musiekuitvoerings, toneel- en ander opvoerings by te woon.

Dit word sterk aanbeveel dat leerders aan ten minste een kultuuraktiwiteit deelneem:

- Avontuurklub
- Blaasorkes
- Debat en Redenaars
- df.groen (Ekoklub)
- Drumline
- English Debating
- Fotografieklub
- Koor
- Kamerkoor
- Sêrgroep (Bel Canto)
- Skoolkoerant (Herout)
- Toneelgeselsskap

Sport

Die doelstelling met die DF-Sport is om leerders se sporttalente optimaal te ontwikkel. Dit sluit hoëvlakdeelname in en is op alle sportsoorte van toepassing. Waar dit die skool se taak is om die kind in sy totaliteit op te voed, vorm buitemuurse bedrywighede 'n belangrike faset van die opvoedingsproses.

Dit word sterk aanbeveel dat leerders aan ten minste een wintersport en een somersport deelneem.

Leerders wat vir 'n sportkode registreer, moet vir die hele seisoen vir oefeninge en wedstryde beskikbaar wees. Daar is vir elke sportsoort 'n eiesoortige kode van reëls en prosedures by die sportorganiseerders beskikbaar.

Die volgende sportkodes word deur die skool aangebied:

- Atletiek
- Bergfiets
- E-sport
- Gholf
- Hokkie
- Krieket (ook Meisiekrieket)
- Landloop
- Netbal
- Rugby (ook Meisierugby)
- Skaak
- Swem
- Tennis
- Noodhulp

Dit maak DF lekker!

Olimpiades, kompetisies en vasvrawedstryde

Leerders word aangemoedig om aan uitstallings, kompetisies en olimpiades deel te neem en sodoende waardevolle ondervinding op te doen.

JSE Kompetisie

Die jaarlikse JSE-aandelekompetisie is 'n wonderlike geleentheid vir ons senior leerders. DF het ook al hulle stempel as wenners daarop afgedruk.

Talentkompetisie en Revue

Ons talentvolle leerders kry die geleentheid om op musiek-, toneel- en dansgebied te wys waartoe hulle in staat is.

Mnr. en Mej. DF

Die verkiesing van Mnr. en Mej. DF is 'n glansryke geleentheid. Die leerders wat hierdie titels verower, beywer hulle vir welsynswerk en is ambassadeurs vir hulle skool.

MTBS

Hierdie byeenkoms word beskou as een van die hoogtepunte van die skooljaar. Elkeen van die deelnemende skole (DF Malan, Tygerberg, Bellville en Stellenberg) streef daarna om die gesogte atletiek- en geesbekers te verower.

Sportnaweke

Opwindende Sportnaweke vind jaarliks plaas:

- Hermanus-naweek
- Hoërskool Punt (Mosselbaai)
- Jan van Riebeeck-naweek (Sport en kultuur)

Spesialis-bystand

Leerders het toegang tot Noodhulp, Fisioterapie en 'n Biokinetikus op die skoolperseel.

Interskole

'n Opwindende sport- en kultuurweek teen die Hoërskool Bellville vind jaarliks plaas. Die week is 'n hoogtepunt op elke Dee-Effer se kalender.

Blaasinstrument Onderrig

Blaasorkeslede kan spesialisonderrig in die instrument van hul keuse by die skool ontvang. Instrumente is ook by die skool te huur.

Werkskadu

Gr. 10-leerders kry die geleentheid om by 'n werkplek van hul keuse ondervinding op te doen en daaroor verslag te doen.

Graad 11-dag

Die doel van dié dag is om die gr. 11's voor te berei op hulle matriekjaar. Probleemoplossing, motivering en fisiese aktiwiteite maak die dag baie spesiaal.

UNIEKE GELEENTHEDE

Internasionale geleenthede

Groepe DF-leerders onderneem gereeld buitelandse sport- en kultuurtoere.

Die *Wye Wêreld Uitruilprojek* is 'n ervaring van 'n leeftyd vir leerders wat as uitruilstudente na susterskole dwarsoor die wêreld reis.

Avontuurklub

Ons gr. 9's en 11's kry jaarliks geleentheid om die wit waters van die Oranjerivier aan te durf. Ander staptogte en uitstappies word oor naweke aangebied.

Eduhelp

Sielkundige Ondersteuning, Voorligting en Studieleiding

Dienste word aan die skool en breër gemeenskap gelewer en sluit in:

- Studieleiding en Leermetodes
- Vakvoorligting
- Konsessie-aansoeke
- Beroepsvoorligting- en beroepskeuse-assesserings
- 'n Inligtingsdiens ten opsigte van tersiêre opleiding
- Ondersteuning van persoonlike- en emosionele welstand
- Ouerleiding en bystand

Individuele ondersteuning asook groepwerk vind plaas en individuele intervensies en groepwerk, asook relevante psigometriese evaluering word ingespan.

EDUHELP
Nina Barnard

Me. Barnard het onder andere Sielkunde studeer en is geregistreer onder die Raad van Sielkunde by die Gesondheidsraad van Suid-Afrika in 'n onafhanklike praktyk. Sy is 'n geregistreerde Psigometris en onderwyser en is ook 'n fasiliteerder vir Study Toolbox.

Opleiding

Universiteit van Pretoria, UNISA en Universiteit van Stellenbosch.

Registrasienommer: PMT 0095460

Praktyknommer: 0870307

Professionele Assosiasies: HPCSA, SACE, BHF, PsySSA, EPASSA, Study Toolbox.

Kontakpersoon: Nina Barnard
eduhelp@dfmalan.com

Finansies

DF se begroting ondersteun die voortsetting van ons strategie, naamlik die belegging in gehalte-onderwys, geheel-ontwikkeling van leerders en verbeteringe aan bestaande fasiliteite. Die skoolfonds word aan die einde van die voorafgaande jaar vasgestel en deur 'n skrywe van die voorsitter van die Beheerliggaam aan ouers bekend gemaak.

Skoolfonds word jaarliks vooruit gehef en moet maandeliks in 11 eweredige paaiemente betaal word (31 Januarie tot 30 November). Ouers se voorkeur ten opsigte van die betalingswyse word op 'n finansiële ondernemingvorm aangedui. Alle invordering van skoolfonds geskied volgens die skool se finansiële beleid.

Alle kostes word jaarliks hersien en vasgestel en onderstaande syfers is slegs 'n aanduiding (2024 kostes) en kan verhoog in opvolgende jare.

Skoolfonds (2024)

Totaal oor 11 maande R37 015

Handboekhuur..... R750

Ekstra vakke (per jaar)

Robotika en kodering R3 200

Sportwetenskap R2 900

RTT R2 900

IT.....R2 900

HOËRSKOOL DF MALAN
www.dfmalan.com | info@dfmalan.com
021 948 8781